# Avontuur na: BOTSWANA

| | |
|---|---|
| Begin: | Pretoria |
| Soort: | Luukse bus vervoer & Lodge / Hotel akkommodasie |
| Verwysing: | BOT 5 |
| Fisies: | 'n Basiese vlak van fiksheid is nodig vir u om die toer werklik te geniet. |



## Is hierdie die regte toer vir u?

- Hierdie toer het 'n paar lang reisdae wat verleng kan word deur slegte Afrika-paaie.
- Botswana-temperature verhoog in die somermaande, (September – November) voor dit begin reën, tot 34 - 38° C.
- Nie alle fasiliteite het lugversorging nie, a.g.v. die feit dat die paaie soms baie ontoeganklik is en dus is dienste nie alom beskikbaar nie. Hierdie fasiliteite mag ook slegs op kragopwekkers funksioneer.
- Wat u mag sien op die toer mag dalk nie wees wat u by ander gehoor het of op prentjies gesien het nie. Botswana is 'n seisoenale bestemming en die migrasiepatrone van diere word nie verhoed deur lyndrade nie.
- "Early bird catches the worm" – Ons gaan 'n paar oggende moet vroeg opstaan om te verseker dat ons goeie oggend-wildritte kan meemaak en ook om die meeste verkeer in stedelike gebiede te vermy op oggende wat ons ver moet reis.
- Hierdie toer behels meestal lodge en hotel verblyf in 2-4 ster fasiliteite wat die area waarin ons is komplimenteer. Al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, is vooraf besoek en gekies om by ons standaarde te pas.
- Hierdie toer word aangebied in 'n luukse 22 sitplek 4x4 bus met 'n toilet aan boord vir u gerief. Ons verkies om nie meer as 20 mense op 'n slag saam met ons te neem nie en daarom is enkel-akkommodasie baie beperk.
- Indien daar minder as 11 mense is sal die toer onderneem word in 'n 14 sitplek Toyota Quantum.

| Toerprys: 2024 | |
|---|---|
| Deel: | R40 000 |
| Enkel: | R49 000 |

**Betaal R6 500 p/p deposito (binne 14 dae) nadat u bespreking bevestig is, en balans 60 dae voor toer vertrek.**

| | |
|---|---|
| ~~BOT 5/2~~ | ~~Sat. 13 April – Son. 21 April 2024~~ |
| BOT 5/3 | Wo. 16 Okt – Do. 24 Okt 2024 |
| BOT 5/4 | Wo. 30 Okt – Do. 07 Nov 2024 |

## Reisprogram:

Suider Afrika raak ‘n baie gewilde vakansie opsie. Botswana het ‘n lae-impaktoerisme-beleid, wat beteken dat hulle minder mense, maar hoër gehalte-diens bied teen ‘n hoër koste om die instroom van toerisme te voorkom en die impak op die natuur so laag as moontlik te hou. Dit dra natuurlik daartoe by om Botswana eksklusief te hou.

Dit dra ook by om dit vir ons moeiliker te maak om van ons gekose akkommodasie-fasiliteite gebruik te maak. Dus gebeur dit soms dat ons van ‘n ander fasiliteit as wat beskryf staan in ons program, moet gebruik maak. Wees verseker dat ons altyd van dieselfde standaard fasiliteite sal gebruik maak as wat beskryf is in die program. Geen van die aktiwiteite sal hieronder lei nie. Dit mag dalk die afstand en reistyd beïnvloed wat aangebring is aan die onderkant van die dag-tot-dag-program.

## Dag 1: Pretoria – Orapa

Ons avontuur begin vroeg die oggend rondom 5 uur vanaf Town Lodge – Menlo Park in Pretoria. Ons wil graag vroeg vertrek om enige verkeersopeenhoping te voorkom, omdat ons ver het om te gaan op die eerste dag. Ons sal die grens oorsteek by Martins Drift / Groblersburg waarvandaan ons na ons eerste bestemming van die toer, Orapa, sal gaan waar ons by Makumutu Lodge die eerste aand sal oornag.

*Etes ingesluit: Aandete*
*Reis afstand en tyd: 741km: 8-10 ure* (Tyd hang af van die tyd wat ons op die grens bestee.)

## Dag 2: Orapa – Maun

Na ontbyt vertrek ons in die rigting van Rakops oppad na Maun. Na aankoms, het u die res van die middag vir uself om te rus of ‘n bietjie van Maun te verken. U kan gerus aan een van die onderstaande opsionele aktiwiteite deelneem. Ons sal vir die volgende 2 nagte by Crocodile Camp oornag.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Reis afstand en tyd: 330 km: 4-5 ure*

## Dag 3: Maun

In die middag gaan ons ‘n skilderagtige vlug oor die Okavango Delta onderneem. Een van die 7 wonders van Afrika. Die Okavango Delta vloei vanuit Angola, maar die water bereik nooit die see nie. Dit loop in Botswana en vorm een groot vleiland waarin verskeie dier-en voëlspesies floreer.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Ingesluit: Aktiwiteite en toegangsfooie*
Vlug oor die Okavango Delta & Park fooie ingesluit

## Dag 4: Maun – Nata

Na ontbyt verlaat ons Maun en ry na Nata. Hier kan ons bietjie bene rek voor ons die laaste stukkie ry na Elephant Sands Lodge waar ons gaan oornag tussen die olifante.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Reis afstand en tyd: 360km: 4-5 ure*

## Dag 5: Nata – Kasane

Vandag vertrek ons na die absolute hoogtepunt-bestemming van ons toer, Kasane. Hier gaan ons oornag vir 3 opeenvolgende nagte en verskillende rigtings verken. Ons gaan tuis by Chobe Safari Lodge reg langs die Choberivier en langs die Chobe Nasionale Park.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Reis afstand en tyd:* 260 km: 3-4 ure

## Dag 6: Kasane – Victoria watervalle – Kasane

Vroeg die oggend na ontbyt spring ons op die bus en vertrek na die Victoria Watervalle. Ons kruis die grens by Kazungula wanneer ons gaan en terugkom. Verskeie aktiwiteite is beskikbaar vir u om aan deel te neem indien u nie saam met die res van die groep op 'n staptog na Victoria Watervalle wil gaan nie.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Reis afstand en tyd: 170 km: 2-3 ure (*Tyd hang af van die tyd wat ons op die grens bestee.)
*Aktiwiteite en toegangsfooie ingesluit:* Victoria watervalle & Park-fooie

*Opsionele Aktiwiteite:*
Helikoptervlug oor Victoria watervalle – $185 (Hoogs aan te beveel)

## Dag 7: Kasane

Na ons avontuur by Victoria Watervalle kry u 'n persoonlike dag in Kasane en die omgewing. Ons gaan wel vroeg die oggend op 'n wildrit in die Chobe Nasionale Park en later die aand op 'n sonsak-bootrit op die Choberivier waarna ons 'n heerlike aandete saam sal geniet.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Aktiwiteite en toegangsfooie ingesluit:* Wildrit & bootrit / Park fooie

## Dag 8: Kasane – Palapye

Na 'n heerlike ontbyt keer ons terug in die rigting van Nata waar ons 'n kans sal kry om bene te rek voor ons verder gaan. Van hier kies ons die pad na Palapye waar ons die laaste nag van 'n onvergeetlike toer gaan deurbring by die Majestic 5 hotel.

*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Reis afstand en tyd: 670 km: 7-8 ure*

## Dag 9: Palapye – Pretoria

Op ons laaste oggend saam gaan ons eers 'n heerlike ontbyt geniet voor ons vertrek na die grenspos van Martins Drift/ Groblersburg. Afhangende van die tyd wat ons bestee op die grens, behoort ons net na die middag terug te wees in Pretoria.

*Etes ingesluit: Ontbyt*
*Reis afstand en tyd: 500 km: 6-7 ure*

## OPSIONELE AKTIWITIETE:

Die lys van opsionele aktiwiteite kan gebruik word as riglyn wanneer begrotings gemaak word vir u toer. Wanneer ons op die toer gaan, sal die gids namens u die besprekings maak. Hierdie aktiwiteite is vir u eie sak en is nie ingesluit in die toerprys nie. Waar aktiwiteite gesien word as middel tot hoë risiko, raai ons u aan om van die aktiwiteite gebruik te maak wat ons reeds op die proef gestel en evalueer het. Indien u van ander aktiwiteite wil gebruik maak, vra asseblief eers ons gids se opinie. Indien u voortgaan met hierdie aktiwiteit en iets gebeur, sal ons as Namakwa Toere geen verantwoordelikheid aanvaar indien iets sou verkeerd gaan. Hierdie pryse is nie 'n gegewe nie en kan verander sonder vooraf kennisgewing.

## BELANGRIKE INLIGTING:

- Enkel-akkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs 2 kamers beskikbaar op elke datum. Kontak asseblief eers ons kantoor voor u voortgaan met 'n enkelbespreking om seker te maak of daar 'n kamer beskikbaar is. Stuur gerus 'n e-pos na marne@namakwatoere.com of bel die kantoor by +27 (0) 27 219 1633.
- Enkelkamers kan altyd na dubbel-akkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie en slegs die dubbelfooi per persoon sal gehef word. Die verskil tussen enkel- en dubbel-akkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terugbetaal word.
- Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag wat die toer klaarmaak, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede opinie oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.
- Ons kantoor kan u ook help om die nodige vlugte, pendeldiens en hotelle te bespreek teen geen ekstra administratiewe koste nie. Neem asseblief kennis dat ons geen afslag kry op enige vlugte nie. Ons wil u net help om die proses so maklik as moontlik te maak.

## Padtoestande en infrastruktuur in Botswana:

Die paaie in Botswana en deur Afrika is baie keer in 'n swak toestand, wat dit baie swaar op ons voertuie maak. Ons het groot trots in ons voertuie en maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Maar ons kan ongelukkig nie alle situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Dit beteken ook dat die reistyd soos aangedui slegs 'n aanduiding is en nie 'n gegewe nie. Ons weet dit kan vermoeiend raak, maar die paaie vat ons op die ou einde na ongelooflike plekke.

## Mediese inligting:

Reisigers, oud en jonk word vereis om in goeie gesondheid te wees om ten volle aan die toer deel te neem. Ons verwag van alle toerlede om deeglik deur die program te lees en self te besluit of u kan deelneem aan al die aktiwiteite soos genoem in die program. As ons toergids en bestuurder op enige stadium voel dat enige van ons toerlede nie meer kan deelneem aan 'n aktiwiteit nie, ons die reg voorbehou om u van die aktiwiteit en/of die res van die toer te verskoon sonder terugbetaling. Die nodige dokumente sal deur ons kantoor verskaf word om terug te eis van u reisversekering.

Ons versoek dat indien u oor die ouderdom van 70 is, u 'n mediese konsultant of dokter raadpleeg oor u reis na die spesifieke land. Alle toerlede moet ook met 'n mediese konsultant of dokter gesels in verband met die nodige entstof en teen-malaria medikasie voor u op die toer gaan. Ons stel ook voor dat elke toerlid sy/haar eie noodhulpkassie sal dra met die nodige voorraad soos 'rehydrate', ekstra leesbrille, karsiek-medikasie en ook diarree-medikasie.

**DRINKWATER**

As 'n reël aanvaar ons dat alle water wat uit 'n kraan kom ondrinkbaar en gevaarlik vir menslike gebruik is. Dit mag minerale en bakterieë bevat wat u maag nie aan gewoond is nie. Dit kan ernstige ontsteltenis veroorsaak en tot siekte lei wat u hele toer kan versier. Vandie fasiliteite waarvan ons gebruik maak, verskaf veilige drinkwater vir ons gaste. Maak seker dat u 'n waterbottel tot u beskiking het om deur die loop van die toer vol te maak.

### Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u ooit sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

### www.facebook.com/namakwatoere

Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

## Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum van **10 persone** om plaas te vind.

## Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

- Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, vul die besprekingsvorm in. Epos die vorm dan na ons kantoor by info@namakwatoere.com. Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlieg besprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysings-nommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toerverwysings-nommer moet op u depositostrokie aangetoon word**. Hierdie toerverwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.
- Ons verskaf nie bankbesonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede gelde inbetaal sonder dat hulle 'n toerverwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking per faks of epos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede gelde inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Vriendelike groete



*Namakwa Toere Span*

**Hotel akkommodasie is beskikbaar vir diegene wat voor of na die toer wil oorbly in Pretoria:**

Namakwa Toere het namens u beding by die verskeie hotele/lodges vir beter tariewe vir ons toerlede. Om te kwalifiseer vir hierdie tarief, moet die bespreking deur Namakwa Toere se kantoor gedoen word. Neem asseblief kennis dat dit nie deel is van u toerpakket nie. Dit is opsioneel en/of ekstra. Hierdie tarief is nie beperk tot 'n sekere hoeveelheid aande nie.

| | **Town Lodge Menlo Park - Pretoria**<br>**(2 **)** ***Toer vertrek : 05:00*** |
|---|---|
| Enkel | R1 320 |
| Dubbel/Twin | R1 495 |
| Ontbyt | Volledige ontbyt is ingesluit by die prys<br>07:00 - 10:00 (ontbytpakkies is beskikbaar op aanvraag) |
| Etes | Beskikbaar op aanvraag |
| Pendeldiens | Vanaf R600 per pendelrit (afhangende van ligging) |
| Parkering | Gratis |
| WiFi | Gratis |
| Webtuiste | https://clhg.com/hotels/245/Town-Lodge-Menlo-Park |
| Adres | 50 Atterbury Road CNR of Clarinet Road<br>Menlo Park - Pretoria |
| Tel | +27 (0) 12 348 2711 |

- Vlugte – Kontak gerus die kantoor vir meer inligting.
- Reisversekering – Kontak gerus die kantoor vir 'n kwotasie.

**Alle akkommodasie moet deur Namakwa Toere se kantoor bespreek word om vir die prys soos aangedui te kwalifiseer**

Namakwa toere

# BESPREKINGSVORM

## TOERLID 1:

Van:.......................................................................

Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.........................................

Volle naam soos op ID aangebring: .....................

.............................................................................

Noemnaam:...........................................................

Nooiensvan: ..........................................................

ID-nr.: ...........................................................

Tel nr:...........................................................

Paspoort no: ...........................................................

Sel nr:..................................................................

Paspoort vervaldatum: ..........................................

E-pos:...................................................................

Adres: ...........................................................

.............................................................................

## TOERLID 2:

Van: .....................................................................

Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.........................................

Volle naam soos op ID aangebring: ....................

.........................................................................

Noemnaam:...........................................................

Nooiensvan: ..........................................................

ID-nr:...........................................................

Tel nr:...........................................................

Paspoort no: ........................................................

Sel nr: ..................................................................

Paspoort vervaldatum:....................................

E-pos:...................................................................

Adres: ...........................................................

.........................................................................

---

Toerdatum: ........................................................ Toer Verwysing: BOT 5/...................................

---

Akkommodasie gedurende toer: Enkel...... Dubbel......... Deel 2-bed kamer..........

- **Het u hulp nodig om vlugte te bespreek:** Ja........... Nee..........

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vertrek **vanaf** lughawe: | | Datum **na** bestemming: | |
| Vlug **terug na** lughawe: | | Datum **vanaf** bestemming: | |

- **Moet ons help met hotelbesprekings:** Ja........... Nee...........

Datum: (**Voor** toer begin) .................................. Datum: (**Na** toer eindig) ..................................

| | |
|---|---|
| Town Lodge – Menlo Park | |

Tipe akkommodasie by hotel in Pretoria: Enkel............. Dubbel.......... Deel 2 Bed..............

**Indien u self u vlug bespreking doen - bevestig u vlugte**

**Opklimpunt:**

| | | |
|---|---|---|
| Town Lodge – Menlo Park | 05:00 | |

Handtekening:..................................................

Datum:.................................................................

Naasbestaande:..................................................

Tel nr.: ..........................................................